
# FEITEBLAD NO. 3:
# ORGANIESE SLAG EN VERWERKING




### Slag en verwerking van organiese beeskarkasse

Die slag en verwerking van organiese diere is 'n noodsaaklike stap ten einde verbruikers van voedsame organiese vleis van hoogste gehalte te voorsienterwyl die integriteit van die hele organiese waardeketting verseker word. Om die vleis van 'n organies-geproduseerde dier onder die organiese etiket op die mark te kan verkoop, moet elke stap van die proses (plaasproduksie, slag en verwerking) deur 'n derdeparty-keurder gesertifiseer word.

### Vereistes vir organiese slag en verwerking

Daar is sekere vereistes vir die slag en verwerking van organiese vleis ten einde organiese status te handhaaf. Dit is die onderstaande punte.

- **Sertifisering van slag- en verwerkingsfasiliteite**
  Vleisprodukte mag slegs as 'organies' gemerk word indien die slag- en verwerkingsfasiliteit organiese sertifisering deur 'n geakkrediteerde derdeparty-sertifiseringsliggaam ondergaan het om te verseker dat aan alle toepaslike regulasies en organiese standaarde voldoen word. Die etiket moet die verantwoordelike entiteit, wat die organiese produk verwerk het, asook die sertifiseringsentiteit lys.

- **Skeiding van karkasse en vleisprodukte**
  Die slagfasiliteit moet verseker dat organiese diere, hul karkasse en organiese produkte duidelik van nie-organiese produkte geskei word. Produkte moet deur alle verwerkingstadia as organies geïdentifiseer word om te verseker dat vermenging of vervanging met nie-organiese produkte voorkom word. Slag van organiese vee-karkasse moet op spesifieke dae en op gespesifiseerde tye gedoen word, voorafgegaan deur die skoonmaak van alle slagtoerusting om te verseker dat geen kontaminasie/vermenging met nie-organiese produkte en karkasse plaasvind nie.

- **Naspeurbaarheid**
  Die slagfasiliteit moet 'n naspeurbaarheidstelsel vir alle vervaardigingstappe daarstel en in stand hou. Naspeurbaarheid moet moontlik wees in beide rigtings van die waardeketting, van die plaas tot die verbruiker en ook terug vanaf die kleinhandel na die oorspronklike organiese dier.

- **Rekordhouding**
  Dokumentasie moet ook gehou word oor die skoonmaak van toerusting voor die slag en verwerking van organiese karkasse.

- **Toegelate stowwe/bymiddels tydens verwerking van organiese vleis**
  Breedweg word organiese prosessering gedefinieer as die verandering van 'n rou produk op biologiese, fisiese of meganiese wyse. Indien die rou produk deur 'n chemiese reaksie verander word, mag slegs bymiddels en verwerkingshulpmiddels wat in die bylae van die betrokke stel standaarde gelys word, gebruik word vir produkte wat as 'organies' gemerk is. Indien waardetoevoeging plaasvind, moet alle bestanddele en rou produkte organies wees. Enige bymiddels en verwerkingshulpmiddels wat tydens die verwerking van vleis gebruik word, moet in die bylae van die onderskeie organiese standaarde vir toegelate stowwe gelys word. Organiese produkte mag nooit geneties gemanipuleerde of nanomateriale bevat nie. Vir organiese sertifisering van enige verwerkte produkte, moet die verwerker die gebruikte resepte en hoeveelhede van bestanddele met die sertifiseringsentiteit deel. In beginsel tel sout (natriumchloried) en water nie as nie-organiese bestanddele nie. Bestraling word nie vir 'n bestanddeel of 'n finale produk toegelaat nie. Geïsoleerde bestanddele soos vitamiene, spoorelemente, minerale of ander, word nie toegelaat nie, tensy dit deur die wet vereis word of om 'n voedingstekort te voorkom. In sulke gevalle is dit beter om die sertifiseringsentiteit in kennis te stel ten einde die vereiste klaring te kry. Sommige verwerkingsmetodes vereis die gebruik van ensieme of mikro-organismes. Sulke kulture moet aan organiese standaarde voldoen en mag nie genetiese manipulasie tydens enige stadium van vermeerdering of voorbereiding behels nie.

- **Verpakking en berging van organiese vleisprodukte**
  Die hanteerder en verwerker moet poog om hoë voedingswaarde te handhaaf deur behoorlike verpakking en berging. Vir daardie doel kan verwerking toegelate maatreëls gebruik om humiditeit, temperatuur en atmosfeer te beheer. Organiese produkte mag nie in geneties gemanipuleerde of nanomateriale verpak word nie.


KHSA Knowledge Hub for Organic Agriculture in Southern Africa
Namibian Organic Association
KCOA Knowledge Centre for Organic Agriculture in Africa
german cooperation DEUTSCHE ZUSAMMENARBEIT
Implemented by: giz Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) GmbH

- **Voorkoming van kontaminasie deur verbode stowwe**
  Tydens verwerking moet hanteerders en verwerkers besoedeling deur skadelike chemikalieë, soos besoedelingstowwe en verbode skoonmaakchemikalieë, voorkom. Slegs toelaatbare stowwe soos gelys in die onderskeie organiese standaardbylaes1 mag gebruik word. Behoorlike sanitasiemaatreëls moet in plek wees, sonder die gebruik van verbode stowwe, om te verseker dat organiese produkte vry is van plae, siektes en patogene.

### Dierewelsyn-oorwegings

Oor die algemeen moet diere aan die minste hoeveelheid stres onderwerp word tydens vervoer na en terwyl hulle in 'n kraal of hok by die slagfasiliteit is. Die slagfasiliteit dra die verantwoordelikheid vir dierewelsyn vanaf die tyd dat diere afgelaai word totdat hulle geslag word. Die voorkoming van stres en pyn vir die dier sal lei tot vleis van voortreflike gehalte met verbeterde raklewe en dit sal die etiese bekommernisse van verbruikers aanspreek. Namibië voldoen aan die standaarde wat in hierdie verband gestel is deur die International Federation of Organic Agricultural Movements (IFOAM) - Organics International, wat die volgende insluit:

- Diere moet sagkens en kalm hanteer word tydens vervoer en slag.
- Hulle moet apart van nie-organiese/konvensionele diere gehou word tydens vervoer, aflaai en in die kraal by die slagfasiliteit.
- Diere moet water en voer gegee word tydens vervoer, afhangende van weer en ander toestande.
- Reise na 'n slagfasiliteit mag nie agt uur oorskry nie.
- Toestelle wat diere kan beseer soos elektriese porstokke, kalmeermiddels en stimulante word verbied.

### NamLITS – Naspeurbaarheid in die Namibiese konteks

Namibië het reeds 'n gevestigde naspeurbaarheidstelsel vir alle vee wat geskik is vir uitvoer onder FANMeat-regulasies: die NamLITS-stelsel. Hierdie stelsel is geskik om organiese vleis van plaas tot vurk (produsent tot eindverbruiker) na te speur. Organiese snitte in kleinhandelverpakkings kan na die produsent teruggespoor word, mits die verwerkers en vervoerders naspeurbaarheid dwarsdeur die produk se reis handhaaf.

### Organiese sertifisering

Die term 'organies' dra 'n inherente aanspraak op waarde en kwaliteit. Daarom is sertifisering 'n kritieke meganisme om te verseker dat die integriteit van 'n produk beskerm word en nooit in die gedrang kom nie. Organiese produkte bestem vir Europa en die Verenigde State moet deur 'n geakkrediteerde derdeparty-entiteit gesertifiseer word voordat 'n organiese etiket daarop gesit mag word. Hierdie sertifisering word vereis vir elke stap van die waardeketting. Organies-toelaatbare insette, die organiese produsent, verwerker en die logistieke hanteerders moet aan die regulasies vir die onderskeie markte voldoen. Hierdie prosedure geld ook vir Namibië.

**STAPPE TOT SERTIFISERING VAN 'N SLAGVERWERKINGSFASILITEIT IN NAMIBIË**

1. Word lid van NOA
2. Raak vertroud met Namibiese organiese sertifiseringsprosedures
3. Dien 'n aansoekvorm by NOA in
4. Ondergaan assessering en inspeksie deur NOA as die sertifiseringsliggaam
5. Onderneem jaarlikse assesserings om deurlopende sertifisering te verseker.

### Ontmoet NOA – Die Namibiese Organiese Assosiasie

NOA is 'n lidmaatskap-gebaseerde organisasie wat in 2009 op die been gebring is deur 'n groep dinamiese produsente en verbruikers, met die gemeenskaplike doel om die organiese landbousektor in Namibië te bevorder.

### Ontmoet KHSA – die suider-Afrikaanse kerngroep kundiges oor organiese landbou

KHSA vorm deel van die Afrikaprojek met 'n soortgelyke missie (KCOA), wat lande saamsnoer in 'n vennootskap befonds deur die Duitse federale ministerie van ekonomiese samewerking en ontwikkeling (BMZ) en wat geïmplementeer word deur die Duitse genootskap vir internasionale samewerking (GIZ) asook nieregeringsorganisasies.
Die projek moedig organiese landboupraktyke aan deur middel van vyf kundigheidsorganisasies in Afrika. Die suider-Afrikaanse kundigheidsgroepering (KHSA), fokus op Zambië, Suid-Afrika, Malawi en Namibië (gelei deur die Namibia Nature Foundation en NOA). Meer inligting is beskikbaar by die KHSA projekbestuurder vir Namibië: noa@nnf.org.na.

**© Namibian Organic Association, 2022.**

This factsheet was funded by the Namibian Organic Association as part of the Knowledge Hub for Organic Agriculture in Southern Africa (KHSA). This knowledge product can be copied, reproduced, adapted, translated, used to make derivatives and disseminated for not-for-profit and/or educational purposes only. It cannot be used for commercial purposes in any way, shape or form.

**For the full copyright statement scan the QR code.**